

Graad 8

Eerste Addisionele Taal

Taalvraestel

Deur: Mia Singels (Rhenish Girls' High School)

Tyd: 1 ¼ uur

Totaal: 50 punte

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
AFDELING A: Begrip (20)
AFDELING B: Taal (30)
2. Beantwoord al die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
4. **Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.**
5. Nommer jou skryfstukke presies soos op die vraestel.
6. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A: BEGRIP

VRAAG 1

LEESBEGRIP


Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

'n Verrassing vir Beatrix Potter-aanhangers!

1. In Augustus 2016, honderd-en-vyftig jaar na haar geboorte op 28 Julie 1866, vier Penguin Random House Suid-Afrika, die verjaardag van geliefde kinderboekskrywer Beatrix Potter met 'n fantastiese reeks van vyf van haar mees geliefde boeke.
2. Nuwe omslae vir Beatrix Potter se gewilde verhale!




Vyf nuwe omslae van die Beatrix Potter-reeks



Die oorspronklike omslae van bogenoemde boeke

3. Die Beatrix Potter-Ontwerpersreeks het vyf van Potter se mees geliefde topverkopers met splinternuwe baadjies aan – en dis ’n klerekas wat enige modekenner se mond sal laat water. Vyf van die wêreld se ontwerp-ikone uit Brittanje en Ierland is gevra om die omslae van dié klassieke kinderboeke, op ’n meer moderne manier, nuwe lewe te gee.
4. Een voorbeeld van so ’n klassieke Potter-verhaal is dié van Mrs. Tiggy-Winkle, ’n krimpvarkie wat baie hard werk, wat kan koekbak, stryk en wasgoed was, maar vandag lyk haar boekie heelwat anders. Die Ierse ontwerper Orla Kiely is wêreldwyd bekend vir haar unieke patroonontwerpe en dis juis hierdie talent van haar om patrone uit niks te maak, wat nou op die nuutste uitgawe van *The Tale of Mrs. Tiggy-Winkle* te sien is.
5. Met verkope van meer as 3 miljoen boeke, is *The tales of Jemima Puddle-duck* vandag nog een van Potter se wêreldwye topverkopers. Jemima Puddle-Duck het ’n kappie op die kop en ’n sagte serpie om haar nek, en is al vir jare lank diep in die harte van kinders. Deesdae maak sy plek vir groot swart letters, wat groot teen ’n wit agtergrond met ligblou kolle gedruk is. Dié unieke, tagtigs-geïnspireerde styl van Henry Holland, en sy Britse modehuis, House of Holland, lyk heel modern op die nuwe omslag van die ou kinderboekie.
6. Met die nuwe uitgawes van vyf van Beatrix Potter se treffers en haar laaste ongepubliseerde manuskrip, is 2016 ’n jaar om te onthou vir Beatrix Potter-aanhangers. Nie net kan hulle uitsien na die nuwe ‘modereeks’-boeke in Augustus nie, maar hulle kan ook uitsien na die storie van *The tale of Kitty in Boots*, wat nog nooit gepubliseer is nie. Die illustrasies is deur die beroemde illustreerder Quentin Blake gedoen, wat veral bekend is vir die prente in Roald Dahl se boeke.
7. Beatrix Potter sal vir altyd lewe in die harte en boekrakke van klein kinders wêreldwyd.



[Verwerk vanaf: hoezit.co.za, 22 April 2016]

- 1.1 Voltooi die volgende sin: In 2016 sou Beatrix Potter ____ jaar oud gewees het. (1)
- 1.2 Wat was Beatrix Potter se werk? (1)
- 1.3 Haal ’n woord uit paragraaf twee aan wat bewys dat baie mense van Beatrix Potter se verhale hou. (1)
- 1.4 Verduidelik wat in paragraaf 3 bedoel word met boeke wat “splinternuwe baadjies” aanhet. (1)
- 1.5 Noem een land waar die ontwerpers vandaan kom. (1)

Eerste Addisionele Taal

- 1.6 Kies die antwoord wat die sin korrek sal voltooi:
As iemand se “mond water” (par. 3) beteken dit...
A hy drink baie water.
B hy is lus daarvoor.
C hy hou glad nie daarvan nie.
D hy sê nie iets daaroor nie. (1)
- 1.7 Lees weer die tweede sin van paragraaf 3. Watter woord beteken die teenoorgestelde (antoniem) as “klassieke”? (1)
- 1.8 Noem twee goed wat Mrs. Tiggy-Winkle goed kan doen. (2)
- 1.9 Haal TWEË OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 4 aan wat bewys dat die onderstaande stelling ONWAAR is.
Net mense in Ierland ken vir Orla Kiely. (1)
- 1.10 Wat maak Orla Kiely se ontwerpe spesiaal? (1)
- 1.11 Kyk na die twee omslae van *The tales of Jemima Puddle-duck* (1A en 1B).
Watter groot VERSKIL kan jy raaksien in die nuwe en ou boekomslag? (2)
- 1.12 Watter konkrete bewyse is daar in paragraaf 5 dat die storie van Jemima Puddle-duck baie bekend is? (1)
- 1.13 Waarom kan mense opgewonde wees oor die boek *The tale of Kitty in Boots*? (1)
- 1.14 Sal jy *The tale of Kitty in Boots* wil lees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.15 Kies die korrekte woord tussen hakies in die volgende sin. Die stelling “Beatrix Potter sal vir altyd in die harte van klein kinders lewe” is 'n voorbeeld van 'n (feit/mening). (1)
- 1.16 Vul die ontbrekende woord in: As ons die titel *The tale of Peter Rabbit* in Afrikaans sou vertaal, sou dit “Die ____ van Pieter Konyn” wees. (1)
- 1.17 Dink jy dit is reg dat die omslae van die bekende stories verander het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.18 Hou jy van die nuwe omslae van die boeke? Waarom of waarom nie? (1)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: TAAL

VRAAG 2

STROKIE

Kyk na die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.



[Vertaal vanaf: www.comicartfans.com/gallerypiece.asp?piece=596443, 5 Julie 1983]

- 2.1 Skryf die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.
Wat doen hulle met die (oud) koerante? (1)
- 2.2 Benoem die tipe sinne in raampie 2.
2.2.1 Hulle maak dit fyn. (1)
2.2.2 En wat dan? (1)
- 2.3 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Dan maak hulle seker weer (boom). (1)
- 2.4 Skryf die onderstaande sin in die TOEKOMENDE TYD.
Hulle maak dit fyn. (1)
- 2.5 Skryf die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord.
Pooh en Piglet stap in die pad. (1)
- 2.6 Vul die korrekte VERSAMELNAAM in.
As Pooh heuning uithaal, zoem daar 'n _____ bye om sy kop. (1)
- 2.7 Verbeter die WOORDORDE van die onderstaande sin.
Pooh (om koerante te versamel) (elke dag) (stap) (in die bos rond). (1)
- 2.8 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Hulle maak dit weer bome. (1)
- 2.9 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Piglet hou baie van Pooh. Hy is gaaf. (want) (1)

[10]

VRAAG 3

PRENT

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Maak 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.
The Wind in the Willows is 'n bekende (kind + storie). (1)
- 3.2 Gee die korrekte SINONIEM vir die vetgedrukte woord.
Die diere **woon** in die woud. (1)
- 3.3 Vorm 'n nuwe woord met die onderstreepte woord deur 'n AGTERVOEGSEL/SUFFIKS aan die woord te las.
My vriend het my van die storie vertel. (1)
- 3.4 Verbind die onderstaande sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Die muise luister aandagtig. Hy lees 'n storie. (terwyl) (1)
- 3.5 Vul die woord in wat die VERGELYKING korrek sal voltooi.
So ____ soos 'n muis. (1)
- 3.6 Kies uit die VOORSETSELS hieronder om die sinne te voltooi.

in	op	vir	langs	met
----	----	-----	-------	-----

- 3.6.1 Mr Badger sit ____ 'n stoel. (1)
- 3.6.2 Die muise staan ____ mekaar. (1)
- 3.6.3 Hulle praat ____ hom. (1)



[Vanaf: www.pinterest.com]

Eerste Addisionele Taal

- 3.7 Gee die korrekte AFKORTING van die onderstreepte woord.
Mr Badger begin lees op bladsy een. (1)
- 3.8 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Die muise verstaan die stories. (1)

[10]

VRAAG 4

TEKS

Beantwoord die vrae na aanleiding van die teks hieronder.

Matilda: 'n Boekresensie

Titel: Matilda

Outeur: Roald Dahl

Uitgewer: Human & Rousseau

Prys: R150

Matilda se ouers het haar al (4.1 min) verskriklike dinge genoem. Maar sy is eintlik baie slim en dis hulle wat onnosel is. Vind uit hoe sy hulle en haar bouse skoolhoof, (4.3 mej.) Trunchbull, laat les opsê en boonop ontdek dat sy oor 'n baie spesiale gawe beskik. Jy kan seker wees dat die boek (4.4 vol) avonture is.


Nuwe uitgawes vier Roald Dahl se (4.5 100)ste verjaardag in 2016.

Oor die outeur

Roald Dahl het geen bekendstelling nodig nie. Hy word beskou as een van die (4.6 groot) kinderboekskrywers van alle tye. Sy spitsvondige styl en aweregse stories is na meer as dertig

(4.7 jaar/jare) steeds topverkopers. Van sy bekendste werke sluit in *Charlie and the Chocolate Factory*, *Matilda*, en *James and the Giant Peach*.

[Verwerk vanaf: maroelamedia.co.za, 30 Junie 2016]



- 4.1 Skryf die ANTONIEM neer van die woord tussen hakies.
Matilda se ouers het haar al (min) verskriklike dinge genoem. (1)
- 4.2 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Roald Dahl was 'n baie bekende skrywer. (1)
- 4.3 Skryf die onderstreepte AFKORTING voluit.
Vind uit hoe sy mej. Trunchbull laat les opsê. (1)
- 4.4 Skryf die INTENSIEWE VORM neer van die vetgedrukte woord.
Die boek is **vol** avonture. (1)

- 4.5 Skryf die GETAL tussen hakies in woorde.
Nuwe uitgawes vier Roald Dahl se (100)ste verjaardag in 2016. (1)
- 4.6 Skryf die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Hy word beskou as een van die (groot) skrywers van alle tye. (1)
- 4.7 Kies die woord tussen hakies wat die sin korrek sal voltooi.
Sy stories is na meer as dertig (jaar/jare) steeds topverkopers. (1)
- 4.8 Skryf die sin oor en vervang die onderstreepte VOEGWOORD met die een tussen hakies.
Sommige kinders hou nie van Roald Dahl se boeke nie, want dit is vreemd. (omdat) (1)
- 4.9 Skryf die onderstaande sin oor in die VERLEDE TYD.
Hy lê en lees sy boeke. (1)
- 4.10 Verbeter die WOORDORDE van die onderstaande sin.
Matilda se ouers (haar) (geneem) (elke dag) (het) (skool toe). (1)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

GROOTTOTAAL: 50

Nasiënriglyne

VRAAG 1: LEESBEGRIP			
Nr.	Antwoord	Barrett denkvlak	Punt
1.1	150/honderd-en-vyftig/honderd en vyftig	1	1
1.2	kinderboekskrywer/skrywer	1	1
1.3	“gewilde”	1	1
1.4	Die boeke het nuwe omslae gekry.	3	1
1.5	Brittanje/Ierland (<i>enigeen</i>)	1	1
1.6	B/hy is lus daarvoor	3	1
1.7	moderne	2	1
1.8	koekbak/stryk/wasgoed (<i>enige twee</i>)	1	2
1.9	“wêreldwyd bekend”	3	1
1.10	Haar patroonontwerpe is uniek/sy kan patrone uit niks maak	3	1
1.11	Enige EEN – met beide kante wat genoem word vir 2 punte: <ul style="list-style-type: none"> • Op die nuwe een is daar net woorde/teks ✓ en op die ander is daar ‘n prent van Jemima Puddle-duck ✓ • Die een se titel is “Clean up this muck said Jemima Puddle Duck” ✓, die ander se titel is “The tale of Jemima Puddle-duck” ✓ • Die een wys nie wie die skrywer is nie ✓, die ander een wel ✓ 	3	2
1.12	Daar is al meer as 3 miljoen boeke verkoop/topverkoper	3	1
1.13	Dit is nog nooit gepubliseer nie/Dit is geïllustreer deur Quentin Blake	3	1
1.14	Ja/Nee + Leerder se respons	5	1
1.15	Mening	4	1
1.16	storie/verhaal	2	1
1.17	Ja/Nee + Leerder se respons	4	1
1.18	Ja/Nee + Leerder se respons	5	1
			[20]

Eerste Addisionele Taal

VRAAG 2: STROKIE			
Nr.	Antwoord	Nasienriglyne	Punt
2.1	ou		1
2.2.1	Stelsin		1
2.2.2	Vraagsin		1
2.3	bome		1
2.4	Hulle sal dit fyn maak.		1
2.5	paadjie		1
2.6	swerm		1
2.7	Pooh stap/elke dag/in die bos rond/om koerante te versamel.		1
2.8	Hulle het dit weer bome gemaak.		1
2.9	Piglet hou baie van Pooh, want hy is gaaf.	<i>Let op na komma</i>	1
			[10]

VRAAG 3: PRENT			
Nr.	Antwoord	Nasienriglyne	Punt
3.1	kinderstorie		1
3.2	bly		1
3.3	vriendin/vriende		1
3.4	Die muis luister aandagtig terwyl hy 'n storie lees.		1
3.5	stil		1
3.6.1	op		1
3.6.2	langs		1
3.6.3	met		1
3.7	bl.		1
3.8	Die muis het die stories verstaan .		1
			[10]

VRAAG 4: TEKS			
Nr.	Antwoord	Nasienriglyne	Punt
4.1	baie		1
4.2	Roald Dahl is 'n baie bekende skrywer.		1
4.3	mejuffrou		1
4.4	propvol		1
4.5	honderd/eenhonderd/een honderd		1
4.6	grootste		1
4.7	jaar		1
4.8	Sommige kinders hou nie van Roald Dahl se boeke nie, omdat dit vreemd is.		1
4.9	Hy het sy boeke gelê en lees.		1
4.10	Matilda se ouers het/haar/elke dag/skool toe/geneem.		1
			[10]

GROOTTOTAAL: 50